

## 4 VERBLYF IN NEDERLAND (1947-1949)

### 4.1 Aankoms en vestiging

Kálmán II en sy kollegas is op 21 Januarie 1947 in Amsterdam deur professor J Severijn van die Rijksuniversiteit van Utrecht en voorsitter van die Stigting Stipendium Bernardinum ontvang en na Utrecht geneem (vgl paspoort van Kálmán II in NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Hy was die enigste professor in teologie wat toe oor sy eie motor beskik het. Aangesien Severijn en die Hongare mekaar se tale nie kon verstaan nie, het hulle in Duits en Engels met mekaar gekommunikeer. Severijn het voor die tyd alles vir hulle verblyf in Nederland voorberei. Volgens 'n inskrywing in sy paspoort, word Kálmán II op 23 Januarie 1947 by die *Gemeente Politie* te Utrecht as vreemdeling in Nederland geregistreer (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Severijn het vir die Hongare huisvesting gereël by gesinne wat slegs Nederlands magtig was. Kálmán II het by 'n gesin in Stadhouderslaan 102, Utrecht ingetrek (die adres verskyn op 'n rantsoenkaart in die persoonlike lêer van Kálmán II in die NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Die familienaam van die gesin kon nie vasgestel word nie. Die doel van die plasing by slegs Nederlandssprekende gesinne was dat die Hongaarse studente gedwing sou word om die Nederlandse taal so gou as moontlik aan te leer. Die huisbediende van die gesin waar Kálmán II teregekom het, het hom sy eerste Nederlandse woorde geleer met behulp van die eetgerei en breekgoed aan die etenstafel. Aangesien daar nie 'n Hongaars-Nederlandse woordeboek bestaan het nie, het Kálmán II van meet af 'n kaartstelsel aangelê en met verloop van tyd sy eie woordeboek saamgestel. Kort voor sy latere vertrek uit Nederland het hy dit aan die *G. B. Van Goor Zonen's Uitgeversmaatschappij N.V.* van Den Haag gepos. Hulle erken ontvangs van die *complete copie Hongaars* op 14 September 1949 (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

### 4.2 Teologiese toneel in Nederland

Die teologiese toneel in Nederland in die jare wat gevvolg het op 1945, toe Kálmán II daarmee in aanraking gekom het tussen Januarie 1947 en Oktober 1949, moet verstaan word teen die agtergrond van die breër Europese

teologiese toneel, waarin veral Rudolf Bultmann (1884-1976) en Karl Barth (1886-1968) die mees prominente figure was. Bultmann word beskou as een van die leidende teoloë en Nuwe Testamentiese geleerde van die 20ste eeu (vgl Labuschagne 2009:31). Alister E McGrath verwys na Barth as “Widely regarded as the most important Protestant theologian of the twentieth century”, en wyd oor die grense van kerke heen het Pous Pius XII (1939-1958) vir Barth selfs as “the most important theologian since Thomas Aquinas (1225-1274)” beskrywe (Labuschagne 2009:48).

Die essensies van Bultmann en Barth se onderskeie teologieë kan hermeneuties heel goed verstaan word in aansluiting by Anthony C Thiselton se uiteensetting van *“horizons of understanding”* (Thiselton 2007:177v), en veral wanneer Thiselton ‘n onderskeiding maak tussen ‘n interpretasie met ‘n *van binne bepaaldheid* en ‘n interpretasie met ‘n *van buite bepaaldheid* (Thiselton 2007:293v). In terme van ‘n *van binne bepaaldheid* kan verwys word na ‘n verstaanshorison, soos by Luther en Calvyn en die Reformasie dus, waar die vertrekpunt steeds binne die grense van die Bybel se eie verstaanshorison wil bly. In terme van ‘n *van buite bepaaldheid* kan verwys word na ‘n verstaanshorison, soos by Friedrich Schleiermacher (1768-1834) en die Liberale Teologie, waar daar na buite die Bybel se eie verstaanshorison beweeg word. Die agtergrond van ‘n verstaan van Bultmann en Barth moet inderdaad gesoek word in die oorsprong wat hulle teologieë het in die Reformasie en die teologiese debat van die 19de eeue se Verligtingstydperk.

In die hoofstrome van die Lutherse, Calvinistiese, én die Anglikaanse denominasies het die Reformasie altyd nog ‘n invloedsfeer behou. Daar is voortgebou op die *teologiese openheid* wat die Reformasie gevestig het, deur altyd maar weer opnuut te vra na wat die Bybel ons leer in ‘n reformasie wat menslik gesproke onvoltooid is, om daarmee eens en vir altyd weg te breek van die Middeleeuse denke wat aan die kerklike uitspraak en interpretasie ‘n finaliteit wou koppel. Daarmee het die Reformasie se verstaan en hantering van die Skrif ‘n openheid in verstaanshorison geopenbaar, waaruit verskillende ander verstaanshorisonne later ruimte vir hulle bestaan en ontwikkeling kon vind. Dit is so anders as die Middeleeuse kerk, en die latere Roomse kerk wat gevolg het, waar die openheid ontbreek het. In die ryk hermeneu-

tiese verskeidenheid wat onder die Reformasie se nageslagte volg, kan lyne van min of meer kontinuïteit aangetoon word, maar daar is ook tekens van radikale verskil in hermeneutiese benadering. Veral sedert die 19de eeu volg daar, binne bepaalde strominge, soos byvoorbeeld die *Historiese Kritiek* en die *Liberale Teologie*, radikale verskille met die verlede. Hermeneutiek as begrip en as wetenskaplike dissipline ontwikkel eers werklik vanaf die 19de eeu. Die Reformasie het nie dieselfde sterk hermeneutiese bewussyn gehad as wat ons in ons tyd het nie. Dit beteken egter nie dat die Reformasie nie 'n hermeneutiek gehad het, omdat hulle nie die woord hermeneutiek gebruik het nie. Inteendeel - dit was juis die Reformasie se interpretasie en hantering van die Skrif wat 'n breuk met die verlede gebring het, verantwoordelik was vir groot veranderinge, en deure oopgemaak vir die hermeneutiese ontwikkeling wat gevolg het.

Binne die Reformasie se verstaanshorison van 'n *van binne bepaaldeheid* het ons 'n hermeneutiek wat klem lê op 'n *filologies-historiese* interpretasie van die Skrif. Hierin is die Reformasie sterk beïnvloed deur die Renaissance. *Filologies* dui dan op die beste moontlike taalkennis van die brontale van die Bybel wat die Renaissance en Humanisme van die 16de eeu kon aanbied, in hulle sterk strewe van 'n terugkeer na die bronre (*ad fontes*). *Histories* dui op 'n noukeurige ondersoek en ontleding van die historiese insig wat die Bybel self, van binne dus, aanbied. Die Renaissance se studie van die Bybel en ander antieke literatuur het, deur die volgehoue arbeid van die Renaissance-geleerde, groot verandering ondergaan. Dit was te wyte aan die groot ontwikkeling van taalkundige insig en 'n veel groter historiese bewustheid. Christen eksegete van die 16de eeu het veel meer as in die verlede belangstelling getoon in die historiese betekenis van die Bybel. Die oorspronklike historiese en kulturele konteks wat in die Bybel berig word, is deur die teoloë ondersoek en in ag geneem by die interpretasie van die boodskap, en daarby word literatuur se strukture, woordgebruik en idiome ook in berekening gebring (vgl Labuschagne 2008:1200).

Calvyn beklemtoon dat die mens geen vermoë in homself het om God te ken nie (Institusie boek I, hoofstuk v, 12-15): "... we are deficient in natural powers which might enable us to rise to a pure and clear knowledge

of God ..." Hy beklemtoon: "... it remains that God himself must bear witness to himself from heaven" (Labuschagne 2008:1200). En in hoofstuk ix van die *Institusie* praat hy van God se *volle openbaring in Jesus Christus*, en sê van die Seun van God: "He is more fully revealed to us under the Gospel" (Labuschagne 2008:1200). Calvyn dink trinitaries: die genade van God, soos geopenbaar in die God-mens Jesus Christus, word deur die Heilige Gees vir gelowiges bekend gemaak in die Heilige Skrif. Vir Calvyn moet die verstaan en interpretasie van die Bybel vervolgens uit die Bybel self vasgestel word. Dit herinner aan Augustinus (354-430) wat in sy *De Doctrina Christiana* (van 397) sy siening vir die interpretasie van die Skrif weergee. Dit kan saamgevat word deur te sê dat Augustinus objektiewe procedures volg waardeur hy die Skrif wou toelaat om te sê wat die Skrif selfstandig wou sê en waardeur hy die oorspronklike skrywer se bedoeling wou laat uitkom. Beide Calvyn en Augustinus gaan dus uit van 'n *van binne bepaaldheid* (vgl Labuschagne 2008:1200-1201). Philip Schaff beskou Calvyn as die "grondlegger van moderne histories-grammatikale eksegese". D L Puckett wys daarop dat die spanning in Calvyn se hermeneutiek tussen die deur die Heilige Gees geïnspireerde kant van die Skrif en die verbinding daarvan met sy meer moderne benadering, wat erkenning verleen aan die menslike element en diversiteit in die Skrif, verantwoordelik is vir hernude belangstelling in sy kommentare (Labuschagne 2008:1201).

Luther se verstaanshorison bevestig eweneens 'n *van binne bepaaldheid* van die Skrif, wanneer hy leer dat die Skrif sy eie interpreteerder is (*scriptura sacra sui ipsius interpres*). K Hagen wys daarop dat dit vir Luther beteken: "geen buite-gesag word benodig om geloofwaardigheid aan die Skrif te verleen nie" (Labuschagne 2008:1201). Vir Luther kan die Skrif alleen verstaan word vanuit sy Christologiese kernbetekenis. Hagen sê daarom tereg van Luther se hermeneutiek: "The core of Scripture is what drives, teaches and pronounces Christ (*was Christum treibet*). Treiben has to do with transportation; so that in Scripture, the important thing is to see that the sacred page drives us and brings us to Christ." "... Scripture alone means Christ alone" (Labuschagne 2008:1201). Vir Luther is daar baie duidelik 'n realiteit groter as die Skrif, agter en bokant die Skrif, in relasie tot die Skrif, en

daardie realiteit is Christus. Daar is 'n duidelike onderskeid tussen Christus en die Bybel, en dit gaan bo-alles om Christus. Maar Luther het 'n pad geloop voordat hy hierdie duidelike insig gehad het. En daardie pad het begin met 'n groot vraag: "*Wie kriege ich einen gnädigen Gott?*" - Hoe vind ek 'n genadige God? Hierdie vraag met sy antwoord bepaal vir Luther die hart van sy hermeneutiese benadering (vgl Labuschagne 2008:1201-1202). Teen 1514 begin Luther lig sien. In sy bestudering van die Bybel, veral Romeine 1:17, Psalm 71:2, en Romeine 4:5, ontdek Luther dat daar nie 'n pad van die mens na God toe is nie, maar alleen 'n pad vanaf God na die mens toe - in Jesus Christus. In Christus is God nie 'n harde Regter nie, maar in kruis en opstanding is Hy 'n liefdevolle en genadige Vader. Die mens kan niks vermag tot sy eie verlossing en saligheid nie; hy ontvang dit alles as 'n gawe van God, deur geloof en in dankbaarheid. In sy soeke na God het Luther se Skrifverstaan gaandeweg vorm aangeneem, deur sy ontdekking dat daar nie 'n *buite bepaaldheid* is waarvolgens hy tot 'n duideliker verstaan van God sal kom nie. In hierdie worsteling en soeke het hy gepraat van die *maskers van God*. Daar is iets van God sigbaar in die natuur, en tog kan die natuur God nie omvat nie - die natuur is eintlik net 'n masker van God wat God verberg, want God is bokant alles en groter as alles in die natuur. Daar is iets van God sigbaar in die geskiedenis, in die groot gebeure en in die groot figure, en tog kan die geskiedenis God nie omvat nie, die geskiedenis is 'n masker van God. Die filosofie sê so baie ingrypende en wonderlike dinge in sy nimmer-eindige besinning, maar ook daar is God uiteindelik die verborge God en is die filosofie 'n masker van God. God is 'n verborge God, 'n God na Wie geen pad vanuit ons filosofiese besinning ons kan lei nie. Uiteindelik sê Luther in 'n *Lesing oor Galasiërs* (in 1531) dat die wêreld nie in staat is om te onderskei tussen God en sy masker nie. H Bornkamm vertolk Luther se bydrae so: "Geen konsep, geen beeld, geen metafoor uit ons fantasie is toereikend vir 'n onverdeelde en samehangende siening van God" (Labuschagne 2008:1203). God verkieks egter om Hom wel te openbaar aan die mens, en niemand kan aan God voorskrywe hoe om dit te doen nie. God openbaar Hom in Jesus Christus, en Luther beskrywe Christus met klem as *God se Woord*. Wanneer ons ons aandag op Jesus Christus vestig, en soek

na sy voetspore in die Bybel, begin ons die Bybel beter verstaan (vgl Labuschagne 2008:1201-1203).

Deur veral die invloed van die filosofie van Immanuel Kant (1724-1804) en G W F Hegel (1770-1831), kom daar in die 19de eeu 'n dramatiese verskil in die hermeneutiese benadering van die *Historiese Kritisme* en die *Liberale Teologie*, waarvan Schleiermacher as die vader beskou kan word. Die Bybel word nou benader met 'n verstaanshorison van buite die Bybel - vanuit die *metodologie* van die *eietydse filosofie* (vgl Thiselton 2007:293).

Die *Historiese Kritiek* se verstaanshorison vanuit die *eietydse filosofie* was:

*Eerstens* het dit die 17de eeuse rasionalistiese aanname gehandhaaf, waarvolgens die gebruik van die *menslike rede*, vry van theologiese beperkinge, beskou was as die beste instrument om die Bybel te bestudeer. Dit het beteken dat hulle die Bybel op dieselfde wyse hanteer het as enige ander literatuur, en nie as God se besondere openbaring aan die mensdom nie. *Tweedens* het die *Histories-Kritiese metode* 'n *naturalistiese wêreldverstaan* vooronderstel waarvolgens alles verklaar moes word volgens wette van die natuur, en alle geskiedenis was dan deel van 'n evolusioneêre proses van ontwikkeling. Op hierdie wyse is die moontlikheid van wonders en bonatuurlike ingryping uitgeskakel. *Derdens* het die *Histories-Kritiese metode* vroeër tye as "primitief" en later periodes as "gevorderd" beskou, en daarby is Bybelse beskouings as *tydsgebonden waarhede* en nie as tydlose waarhede beskou nie, en dit het beteken dat die Bybel bloot vermeld het wat mense gedink het op 'n spesifieke tyd. *Vierdens* is aanvaar dat die Bybel se ware bydrae sy *morele en etiese waardes* was, en nie so seer sy theologiese leringe nie.

(Labuschagne 2008:1203-1204)

Die feit dat die *Historiese Kritiek* daartoe bygedra dat sommige aanvaar het dat die Bybel se ware bydrae in sy etiese waardes lê, bevestig weer eens die *van buite bepaaldheid* in die metodologie. Omdat aanvaar is dat dit onmoontlik was om, in die lig van die Kantiaanse filosofie, objektief oor God te praat, en omdat die objektiewe denke oor God (binne die raamwerk van die natuurwetenskaplike benadering) baie gebring het by 'n religie van onsekerheid oor enigets *daar buite* en *daar bo*, sodat daar uiteindelik niks in ontologiese terme oor God gesê wou word nie, het die fokus verskuiwe na die ideale van die moraliteit. Die fokus is nou op *subjektiwiteit*, op die *morele bewussyn* van die individuele mens, en die mens alleen wat self sy keuses en beslissings moet maak. Hiermee is aangesluit by Kant se beskouings oor die *praktiese rede* en is daar oor God alleen *subjektief* gepraat, op basis van die *moraliteit* in die menslike bewussyn.

Teen die agtergrond van die Kantiaanse beskouing van die menslike bewussyn as die enigste vertrekpunt vir etiese en religieuse denke, het Schleiermacher vervolgens 'n verstaanshorison van 'n *van buite bepaaldheid* in sy interpretering van die Skrif ontwikkel. Reginald Moxon wys daarop dat daar in Schleiermacher se hermeneutiek nie in die Bybel self begin moet word om tot die verstaan van 'n gedeelte te kom nie, maar dat daar begin moet word by 'n ondersoek van daardie vermoë wat die boodskap ontsluit, naamlik die menslike gemoed en sy "Gods-bewusssyn" (Thiselton 2007:293). Sekerheid van religieuse oortuigings (geloof) is vir Schleiermacher nie te vinde in objektiewe gegewens/getuienis/bewyse nie - dus ook nie in die historiese wetenskap nie. Dit is vir hom alleen te vinde in 'n noukeurige onleding van die menslike bewussyn. Gevoel (*Gefühl*) is 'n essensiële deel van die menslike syn. Gevoel wat in die menslike bewussyn gesetel is, is die oorsprong van religie. Gevoel behels die bewuswording van 'n realiteit wat die *oorsaak* van die mens se religieuse gevoel is. Gevoel is meer as emosie; dis intuïsie ("Anschauung"). Religie is daarmee geheel subjektief, dis 'n onmiddellike bewuswording van die oneindige (God). Religie is die onmiddellike bewussyn van die universele bestaan van alle eindige en tydelike dinge, in en deur die oneindige. Religie is lewe in die oneindige natuur van die geheel (God). Religie is nie kennis of wetenskap van God of die wêreld nie. Religie is

‘n affeksie, ‘n gevoelvolle bewuswording van die oneindige in die eindige - God word gesien in religie en religie in God. Om religieus te wees, om vroomheid na te strewe, is ‘n grootse opstanding. Religie is om terug te keer in die geheel, daarin geabsorbeer te word, en terselfdertyd te bestaan vir jouself. ‘n Objektiewe verstaan van God is, wat religie betref, ‘n ydele mitologie. Openbaring het geen bo-natuurlike komponent nie; dis eenvoudig ‘n aangrypende nuwe insig. ‘n Wonder is die religieuse woord vir ‘n “gebeure” waarin die religieuse siening daarvan die dominerende faktor is, ‘n teken van die oneindige. Jesus kommunikeer ‘n *perfekte bewustheid van God* (vgl Labuschagne 2009:70).

Bultmann sou, in aansluiting by die *Eksistensiefilosofie* van Martin Heidegger (1889-1976), voortbou op Kant en Schleiermacher.

Since the middle of the 18<sup>th</sup> century a new and anti-metaphysical philosophy and corresponding popular way of thinking came to the fore, which would later be described as *Modernism*. Many would later specifically see the 19<sup>th</sup> century as predominantly the age of *Modernism*. *Modernism* sees *man*, and then not only his *body* but also his *mind* and *entire spiritual life*, as being *integrally part of the whole of the natural world*. *Modernism* also considers the whole of the natural world as most essentially controlled and guided by *natural laws*. The habit of *Modernism* is to understand man in his entirety as simply *just another scientific object*, similar to any other object for empirical observation and experiment, just another “*it*”. This oversimplification of *Modernism* indeed then applies to even *all the complexities* of man’s mental world, its *deepest emotions, intense anxieties* and *dearest longings*, its *unshared and sensitive moments*, its sometimes *very close connectedness to other human beings*, its *relatedness to and interaction with human society, the animal world and the natural environment* (cf. Scott 1978:218-221). *Existentialism* rejects the assumption, which

reigned for too long, that objective empirical science “affords a sufficiently comprehensive basis for the interpretation of man”.

*Existentialism stands in opposition to what now can be seen as Modernism’s misjudging of man, particularly the degrading of the individuality and uniqueness of the human inner self to the level of a mere objectified “it”.*

*Existentialism* especially addresses what might be called the *existential problems of man*: the *challenges, experiences and emotions of human existence*, as individually and uniquely experienced. In *Existentialism’s* thinking *existence* confronts man with the search for *meaning*: the *meaning of existence*, the meaning of “*dasein*” (of “being there”). The search for the meaning of being *man* involves *existence, dasein (man) being thrown upon himself* amidst such *very human experiences* as freedom, responsibility, longing, love, nostalgia, suffering, alienation, fear, anxiety, despair, as being alone in this world, as being aware of man’s destiny of death. Living his own life, making his own decisions, existing according to his or her own design, as *dasein* without contours continuously creating himself or herself in an ongoing process, and knowing no other way. On the basis of the human mind’s subjectively contemplating the *existential needs of something more* (love, comfort, guidance, hope, grace *et cetera*), some might even *explain* the *experiences* of certain *events* in their human existence as *actions of God*.

(Labuschagne 2009:31-32)

Teen die agtergrond van die denke van Kant, Schleiermacher en Heidegger se Eksistensiefilosofie vermy Bultmann konsekwent ontologiese uitsprake oor God. Ons kan alleen praat van hoe ons God se dade subjektief ervaar. Daar

kan nie objektief oor God en sy dade gepraat word nie. Oor God se dade kan alleen subjektief gepraat word, deur jouself as die een wat daardeur geaffekteer is. Oor God se dade kan nie buite die geloof gepraat word nie. Geloof kan nie 'n objek van wetenskaplike waarneming en ontleding wees nie. Geloof wat praat oor die dade van God wat daarmee in ontmoeting tree, kan hom nie verdedig teen die aanklag van 'n illusie nie - want die ontmoeting met God is nie objektief in die sin van 'n wêrelde gebeure nie. Geloof as ontmoeting met God is 'n *eksistensiële gebeure*. God is nie sigbaar buite die geloof nie. Dit is byvoorbeeld soos 'n ontmoeting met 'n ander mens wat as liefde beleef word - want wat deur een bepaalde mens as liefde beleef word, is nie oop vir almal om te ken nie, is ontoeganklik vir objektiewe wetenskaplike ondersoek (vgl Labuschagne 2009:70).

Karl Barth kom en keer alles om. Barth sê daar is met die subjektiewe vertrekpunt, soos by Schleiermacher, hermeneuties verkeerd begin. Daar is begin by die mens se soeke na kennis, en daar is begin by die menslike metodes om by kennis uit te kom. Eers daarna word beweeg na die saak wat ondersoek moet word: die realiteit. Die volgorde is daarmee dus: eers kennis (metode), daarna die realiteit. Uiteindelik bepaal die menslike metode die realiteit waarby uitgekom wil word. Barth sê die volgorde moet andersom wees. Daar moet begin word by die realiteit en daarna uitgekom word by die kennis daarvan. Hierdie hermeneutiek van Barth hou verband met sy vra na die realiteit van God: Hoe kan 'n mens praat oor God? Hoe kan 'n mens by God uitkom met jou menslike voorwaardes van filosofiese metodologie, histories-wetenskaplike ondersoek, met enigiets vanuit die mens? Uiteindelik loop Barth die pad van Luther: *Daar is nie 'n pad van die mens na God nie; daar is alleen 'n pad van God na die mens*. Die realiteit van God se pad na die mens is God se self-openbaring in Jesus Christus wat mens geword het. In die *Dialektiese Teologie*, soos by Karl Barth en Emil Brunner, is waarheid uiteindelik dan alleen te verstaan in geloof se ontmoeting met die lewende God in Jesus Christus. In hierdie ontmoeting hoor die gelowige God se Woord vanuit die Bybel, wanneer die Heilige Gees die mensewoord van die Bybel tot God se Woord in die hart van gelowiges maak. Dit beteken uitdruklik dat alleen God beskik oor sy Woord (vgl Labuschagne 2008:1204-1205)

Hans-Georg Gadamer kritiseer in sy *dialektiese hermeneutiek* daar-die soort objektiewe historiese navorsing wat ervaring so verstaan dat dit geheel georiënteer is op kennis en metode (die metode om kennis te bereik), terwyl die innerlike historiese ingesteldheid van ervaring nie aan die orde kom nie. Dit beteken, in hierdie verkeerde siening, dat ervaring so verobjektiveer word dat geen historiese moment daaraan vasgryp nie, want inderwaarheid word die objek uit sy historiese moment uitgehaal en herstruktureer om aan te pas by die wetenskaplike metode en in te val by die hermeneutiese vooronderstellings van die navorser. Gadamer sien uitdruklik die *Histories-Kritiese metode* van die 19de eeu se teologie op hierdie verkeerde pad. Die historiese-Jesus van hulle navorsing is daarmee dan eintlik alleen produk van hulle metode en hermeneutiese vooronderstellings (vgl Labuschagne 2008:1205). Hierteenoor stel Gadamer sy versigtig-uitgewerkte *dialektiese hermeneutiek* waarin die innerlike historiese ingesteldheid van ervaring aan die orde kom. Hiervolgens word die waarheid nie metodologies bereik nie, maar dialekties. Palmer verduidelik Gadamer se siening soos volg:

Gadamer's approach, then, is closer to the dialectic of Socrates than to modern manipulative and technological thinking. Truth is not reached methodically but dialectically; the dialectical approach to truth is seen as the antithesis of method, indeed as a means of overcoming the tendency of method to prestructure the individual's way of seeing. Strictly speaking, method is incapable of revealing new truth; it only renders explicit the kind of truth already implicit in the method.

(Labuschagne 2008:1206)

Gadamer se *dialektiese hermeneutiek* dui op 'n dialektiese spanning tussen die verstaanshorison van die navorser en die woorde of teks vanuit die geskiedenis of tradisie wat met die navorser in ontmoeting tree. Sy verstaan van ervaring is hiermee in die historiese navorsing nie bloot 'n relaas van die

navorser se persepsies nie, maar om te ken vanuit 'n ontmoeting en 'n gebeure. In sy werk, "*Wahrheit und Methode: Grundzüge einer philosophischen Hermeneutik*" (1960), verwys Gadamer na 'n soort kapasiteit vir verstaan deur ervaring, en sê dan dat ervaring sy verwesenliking het "not in a knowing but in an openness for experience, which is itself set in free play by experience" (Labuschagne 2008:1207). Ervaring is, in Gadamer se dialektiek, dan 'n produk van die ontmoeting tussen die menslike bewussyn (van die navorser) en die objek (wat nagevors word). Ervaring is daarom nie 'n gearriveerde benadering in objektiveerbare kennis nie, is nie 'n soort kennis in die sin van vaste inligting wat ten opsigte van hierdie of daardie objek of aangeleentheid bewaar word nie. Dit gaan nie om so 'n finale bloudruk nie. Ervaring is deel van die historiese natuur van die mens. Ervaring hou eerder verband met 'n interpreterende ontmoeting, dit suggereer die pyn van groei en moet telkens opnuut tot verstaan kom. Hiermee konfronteer Gadamer ons met die moontlikheid om weg te beweeg van 'n siening van ervaring as 'n aktiwiteit van die subjek (navorser) na 'n siening van ervaring as 'n aktiwiteit van die objek (of situasie) wat in beweging kom en die subjek (navorser/leser) aangryp.

Karl Barth verskuif die fokus van wat hy beskou as 'n antroposentriese optimisme in die Liberale Teologie (van die 19de eeu) na geloof in God wat self die inisiatief oorneem en Homself openbaar in die Logos wat mens word. Vir Barth kan God nooit 'n verlengstuk word van die menslike bewussyn en sy rasionele optimisme nie. God is vir Barth 'n "*Gegenstandlichkeit*", wat beteken dat God in Goddelike objektiwiteit teenoor die mens staan, en bestaan in soewereine onafhanklikheid van die mens as die "Gans Andere" ("*der ganz Andere*") en as objektiewe realiteit geheel vry van enige noodwendige gebondenheid aan die menslike bewussyn (geheel vry van alle menslike subjektiwiteit). God is nie vasgevang binne die parameters van die menslike ervaring se innerlike gevoel nie. God is inderdaad uitdruklik vry en onafhanklik en outonom in sy openbaring in Jesus Christus. Dit is die Heilige Gees wat dit vir die mens moontlik maak om daarvan bewus te word in en deur die geloof. In sy kritiek op Schleiermacher se teologie, verduidelik Barth dat wanneer, vir Schleiermacher, die mens bewus word van sy kon-

neksie met God, die mens se bewuswording van God opgesluit bly in gevoel, en menslike gevoel het niks wat in opposisie daartoe staan nie, dit het dus geen objek wat teenoor dit staan nie. In kort, vir Schleiermacher, is God, daarom, nie aan die mens as 'n objek gegee nie. Barth se kritiek teen Schleiermacher is huis: "Dit is alleen in die gevoel van sy effek dat God aan ons gegee word as 'n oorsaak, en op geen ander manier nie". Barth verduidelik geloof deur na die objek van die geloof te verwys: en dit raak die selfopenbaring van God in Jesus Christus ten nouste. Bultmann se gedagtes ontwikkel vanaf Schleiermacher se gedagtes verder. Vir Bultmann gaan die na-pase-geloof terug tot op die paasboodskap (*kerugma*). Vir Barth is hierdie kommunikasie van subjek tot subjek, sonder objektiewe begronding, onaanvaarbaar. Vir Barth gaan die na-pase-geloof verder terug as op die *kerugma* - dit gaan terug tot op die gebeure in Christus agter daardie boodskap, die agter die kerugma (vgl Labuschagne 2009: 73-74).

Daar word reeds in 1926 na Karl Barth se invloed op die teologie in Nederland verwys. Th L Haitjema stel toe reeds "dat Karl Barth een betekenisvolle boodschap heeft aan ons, Nederlandsche Theologen", en "Ik mag niet anders dan trachten, de Nederlandsche theologen bereid te maken, naar Karl Barth's getuigenis met aandacht te luisteren" (Haitjema 1926:137-138). Die praktiese uitwerking van hoe groot die invloed van Karl Barth op die Nederlandse teologiese terrein was, en dan spesifiek binne die Nederlandse Hervormde Kerk, is miskien nêrens meer sigbaar as in die *nuwe kerkorde* van 1951 nie. Karel Blei stel dit so:

Het was Barths dwarsig-nieuwe theologische aanvat, die tot de nieuwe koers van de Nederlandse Hervormde Kerk beslissend heeft bijgedragen; die deze Kerk ertoe in staat heeft gesteld, in haar in 1951 van kracht geworden kerkorde de in de negentiende eeuw geboren interne richtingsstrijd te boven te komen.

(Blei 2000:141)

Die teologiese toneel in die Nederlandse Hervormde Kerk is gedurende die jare van Kálmán II se verblyf in Nederland ongetwyfeld die meeste deur die teologie van Karl Barth beïnvloed. Een van Barth se belangrikste volgelinge was huis die Nederlander Kornelis Heiko Miskotte (1894-1976), hoogleraar in Dogmatiek en Bybelse Teologie in Leiden vanaf 1945 tot 1959 (vgl Van de Beek 2006:126). Barth se invloed was natuurlik reeds in Hongarye sigbaar en Kálmán II het nou weer daarmee in aanraking gekom. Hy sou sy lewe lank telkens die teologiese invloed van Barth weerspieël.

#### 4.3 Studentetyd

Ten spyte van die feit dat die Hongaarse studente nie hulle opleiding in Hongarye voltooi het nie, is hulle toegelaat om aan die Rijksuniversiteit van Utrecht vir doktorale studie in te skryf. Die verklaring van die Dekaan van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Debrecen, gedateer 31 Desember 1946, op grond waarvan Kálmán II toegelaat is, lui soos volg:

TO WHOM IT MAY CONCERN

This is to certify that Mr. Coloman Papp, who was born on May 2, 1924, in Mándok, Hungary, has completed, as a student of the Theological Department of the Debrecen University, 9 terms - each lasting half a year - of theological study. The whole course of training for the ministry, according to the statutes of the Hungarian Reformed Church, consists of 10 terms, i.e., 5 years.

Alexander Czeglédy, D.D.,  
Dean of the Theological Faculty  
of the Debrecen University.

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

'n Registrasiebewys vir die studiejaar 1947/48 kon nie opgespoor word nie, maar wel vir die volgende studiejaar (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Die Hongaarse studente het dadelik klasse begin bywoon. Die eerste studiejaar is hoofsaaklik gebruik om Nederlands aan te leer sodat hulle die lesings kon volg en aan theologiese gesprekke kon deelneem. Hulle het ook vanaf die eerste Sondag eredienste begin bywoon waar hulle die Skriflesing en liedere in die Nederlandse Bybel en sangbundel gevolg het. Aangesien die Hongare baie gewild was onder die Nederlandse damestudente vanweë hulle eksentrisiteit en sjarme, het ook hulle 'n belangrike aandeel in die aanleer van die taal gehad. Die Hongare het die dames op hulle beurt iets van Hungarye en die Hongaarse taal geleer. Kálmán II het nog, nadat hy reeds in Suid-Afrika was, 'n poskaart van een van hierdie studente ontvang wat sy afgesluit het met die woorde: "Groete van jou leerling". Hierbenewens het die damestudente hulle ook gereeld op uitstappies geneem om hulle die land te wys, hulle na bioskoopvertonings geneem en selfs hulle klere herstel.

Kálmán II het kort na sy aankoms in Nederland vir die eerste keer verneem dat hy deur die Hongaarse regering gesoek word in verband met die gebeure in die Bükkberge. Sy moeder en Erzsébet het hom per brief daarvan in kennis gestel. Hy is gewaarsku om op sy hoede te wees en onder geen omstandighede na Hungarye terug te keer nie.

Sárika Irlanda, wat duidelik iets meer in hulle studentevriendskap gesien het, het ook in hierdie tyd aan hom geskryf en gevra of sy nie na Nederland moes kom nie. In die lig van die onsekerheid van die situasie waarin hy hom bevind het, het Kálmán II nie op haar navraag gereageer nie. Hy wou nie enige verwagtinge skep en kon geen verantwoordelikhede aanvaar terwyl sy toekoms so onseker was nie. Ook Katalin Nagy, die jongste dogter van die direkteur van die diakonessehuis in Debrecen, het vanuit 'n vlugtelingskamp in Duitsland vir hom geskryf en, deur raad te vra, subtiel navraag gedoen oor 'n moontlike toekoms saam met hom. Om dieselfde redes kon hy ook nie vir haar 'n rigtinggewende antwoord gee nie. Korrespondensie met die familie, vriende en professore is daarna ter wille van sy veiligheid gestaak. Sy broer Zoltán was toe alreeds in die gevangenis.

Kálmán II en sy kollegas het in hulle eerste studiejaar die lesings van die finalejaarstudente bygewoon in die vakke waarin hulle later wou spesialiseer. Die vereistes vir doktorale studie was dat die student 'n hoofvak

van sy of haar eie keuse en twee byvakke moes kies, waarvan Ou- of Nuwe Testamentiese Wetenskap een moes wees. Die tweede byvak kon selfs buite die Fakulteit Teologie gekies word. Kálmán II het Godsdienswetenskap as hoofvak gekies en Ou Testamentiese Wetenskap en Arabies en Egipties, laasgenoemde twee in die Fakulteit Lettere, as byvakke. Professor H W Obbink, seun van die bekende orientalis professor H Th Obbink, het beide Godsdienswetenskap, Arabies én Egipties gedoseer. Kálmán II het aan die einde van 1947 namens die Hongaarse studente, wat met verloop van baie jare deur die tussengang van H Th Obbink ontvangers van die Stipendium Bernardinum geword het, by sy begrafnis opgetree. H Th Obbink was vanaf 1913 tot 1939 hoogleraar in Godsdiensgekiedenis te Utrecht en vir baie jare die hofprediker van koningin Wilhelmina. H W Obbink was vanaf 1951 tot 1961 redaksielid van die *Hervormde Teologiese Studies* (vgl HTS 1951-1961). Kálmán II het ook lesings in Arabies by professor Th P van Baalen bygewoon. Sover hy kan onthou was hy die enigste student in hiërogliewe en in Arabies. Professor A H Edelkoort het Ou Testamentiese Wetenskap gedoseer en sy lesings was vir Kálmán II geweldig interessant en waardevol. Uit eerbied en waardering het hy ook die lesings van Severijn in Ensiklopedie van die Teologie bygewoon. In hulle eerste studiejaar het daar van werklike studie maar min tereggekom. Hulle moes eers die Nederlandse taal baasraak voordat hulle met die professore oor hulle studie-onderwerpe en proefskrif-titels in gesprek kon tree en met ernstige studiewerk kon begin.

Na 'n paar maande het Kálmán II te Poortstraat 30 in 'n kamer in die huis van twee bejaarde susters, met die familienaam Contant, naby die Universiteit ingetrok (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Die eerste item wat hy vir homself aangeskaf het was 'n trapfiets wat hy met sy beursgeld gekoop het. Hy het in die kafeteria van die Universiteit geëet. Die Nederlandse spyskaarte was vir die Hongare 'n groot teleurstelling en hulle het hulle monde nie aan die kos gesit sonder om dit met Hongaarse paprikapoeier te dokter nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die omstandighede in Nederland op daardie stadium ellendig was. Nederland het baie erger onder die oorlog deurgeloop as Hongarye en het nie oor dieselfde hulpbronne beskik as die groter lande nie. Die gevolg was dat alles gerantsoeneer was en slegs met

rantsoenkaarte gekoop kon word. 'n Voorbeeld van so 'n rantsoenkaart kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Kálmán II het sedert sy kinderdeae 'n groot voorliefde vir boeke gehad en reeds tydens sy studentejare in Hongarye as boekverspreider onder die studente opgetree. Hy was goed bekend en bevriend met al die boekhandelaars in Hongarye, Nederland en Suid-Afrika en het deur die loop van jare 'n biblioteek van enorme omvang opgebou. Sy persoonlike biblioteek bevat meer as 3000 boeke, waarvan die meeste oor die teologie handel, maar dit bevat ook baie ander boeke oor byna elke denkbare terrein van die lewe.

Kálmán II het sy eerste studentenooi, Janny Lems, begryplik in 'n boekwinkel in Utrecht, waar sy gewerk het, ontmoet. Sy het 'n diploma in biblioteekwese gehad en Kálmán II se voorliefde vir boeke gedeel. Dit was in der waarheid die eerste liefdesverhouding in sy lewe. Sy verhoudings met meisies op skool en universiteit, waaronder Erzsébet Kolláth, Katalin Nagy en Sárika Irlanda getel het, was ten tye daarvan nie meer as goeie vriendskappe nie. Ten spyte van die feit dat Janny 'n paar jaar ouer as Kálmán II was, het hulle 'n besondere verhouding gehad. Benewens hulp met die verskaffing van boeke, het sy haarself ook breër oor die lot van Kálmán II en sy kollegas ontferm. Sy het vir hulle uitstappies en naweekkampe georganiseer, afsprake met meisies gereël en al hulle belangte op die hart gedra. Deur Kálmán II se toedoen het sy 'n groot liefde vir Hongarye en die Hongaarse volk ontwikkel. Sy het byvoorbeeld vir haarself Hongaarse meubels laat vervaardig van ontwerpe wat Kálmán II spesiaal vir haar geteken het. Sy het ook 'n besoek aan Hongarye gebring om met sy moeder en familie kennis te maak en vir hom 'n pak klere uit Debrecen saamgebring. Die kontak met Kálmán II se moeder en familie het vir die res van haar lewe voortgeduur, ten spyte van die feit dat haar verhouding met hom nie deurgegaan het nie. In 2000 was sy as bejaarde vrou nog betrokke by 'n hulpaksie vir 'n klein Hongaarse gemeente in Erdély (Transsilvanië), een van die voormalige provinsies van Hongarye. Sy is later met 'n tandarts getroud en hulle het een seun gehad.

Terwyl hy nog 'n verhouding met Janny gehad het, het Kálmán II met 'n jong damestudent, Wilhelmina (Mieke) Schilling, in die studentekafeteria

van die universiteit kennis gemaak. Sy was die jongste van vier dogters van wyle Diederik Hendrik Schilling, ‘n afgetrede offisier van die Nederlandse Weermag, en Louise Clasina Nellie Porrey van Arnhem. Mieke het Kálmán II kort daarna, op aansporing van haar studentekollegas, gevra om haar na die jaarlikse universiteitsbal te vergesel. Die gebruik in Utrecht was dat dit elke skrikkeljaar die dames se beurt was om die mans te nooi na hierdie hoogtepunt op die studentekalender. Hulle het dadelik tot mekaar aangetrokke gevoel en met ‘n verhouding begin wat later op hulle huwelik uitgeloop het. Die meeste van Kálmán II se studentekollegas het ook later met Nederlandse vroue in die huwelik getree. Vir ‘n wyle het Kálmán II gelyktydig twee nooiens gehad aangesien hy dit nie oor sy hart kon kry om Janny summier af te sê nie. Hulle het egter tot met sy latere vertrek uit Nederland baie goeie vriende gebly.

Kálmán II het in daardie tyd ook kennis gemaak met ‘n Hongaarse student, Ádám Sebestyén, wat oor ‘n doktorsgraad in regte beskik het maar besluit het om in Nederland teologie te gaan studeer. Hy het na ongeveer ‘n jaar by Kálmán II en sy kollegas in Utrecht aangesluit. Sy vader was ook ‘n voormalige Nederlandse student en het sterk bande met die Gereformeerdes gehad. Hy het Kálmán II toe voorgestel aan ‘n Gereformeerde gesin in Nijkerk, die Jurlings. Die vader van die huis was ‘n bankbestuurder. Daar was nog kinders in die huis en Kálmán II het gereeld by hulle gaan kuier en onder ander ook ‘n bietjie houtwerk gedoen en musiek gemaak. Tydens ‘n besoek aan Nederland saam met sy moeder in 1962, het Kálmán III hierdie gesin ook ontmoet en ‘n paar dae by hulle deurgebring.

Kálmán II het ook gereeld saam met Erzsi Verhoef Walter, ‘n Hongaarse vrou wat met ‘n Nederlander getroud was, viool en klavier gespeel en ook dikwels gekuier by ‘n hoogs ontwikkelde Hongaarse digteres, Erzsébet Szakál, en haar twee dogters. Szakál was op daardie stadium ‘n weduwee en het later met André Van Assendorp, ‘n Nederlandse kantonregter, in die huwelik getree. Hulle het die Hongaarse teologiestudente dikwels vir ete genooi. Oral waar Kálmán II gekuier het, het hy Hongaarse disse, veral sop, voorberei en resepte daarvan oorgedra. Hy het die voorliefde om te kook en te onthaal sy hele lewe lank behou.

Aan die begin van 1948 het die Kommunistiese Party met behulp van die Russe daarin geslaag om die bewind in Hongarye oor te neem nadat hulle die leiers van die ander partye geëlimineer het, deur hulle na Rusland weg te voer. Vir die Hongaarse studente was dit 'n groot teleurstelling, en dit was uiteindelik daarvoor verantwoordelik dat nie een van hulle na Hongarye teruggekeer het nie - ook nie die studente in Amsterdam en Kampen nie. Kort daarna het die Hongaarse regering Kálmán II se uitlewering van die Nederlandse regering gevra op grond van beweerde moorde wat hy sou gepleeg het. Hy het vir die eerste keer daarvan verneem in 'n uitknipsel uit 'n Hongaarse koerant wat die familie met 'n ompad aan hom gestuur het. Hy het toe besef dat die gebeure in die Bükkberge uitgelek het.

Kálmán II het die hele aangeleentheid toe met professor Severijn, wat ook voorsitter van die Kuratorium was, gaan bespreek en hom vertel van alles wat tydens die oorlog in die Bükkberge gebeur het. Die professor, wat lid van die Anti-Rewolusionêre Party van Nederland was, was nogal beïndruk met hom en het hom gerusgestel en gesê dat hy maar alles aan hom kan oorlaat. Hy het toe vir Kálmán II 'n afspraak gemaak met die Nederlandse Minister van Justisie, mnr Donner, wat hom die versekering gegee het dat hulle hom nie sal uitlewer nie.

'n Agent van die Nederlandse Departement van Staatsveiligheid, ene Piet Hogendoorn, het hom kort daarna besoek. Hulle het met verloop van tyd goeie vriende geword. Hy het Kálmán II selfs gevra om 'n ogie te hou oor die ander Hongaarse studente, omdat daar dalk spioene onder hulle kon wees. Aangesien Kálmán II deur die kommuniste gesoek is, het Hogendoorn die versekering gehad dat hy nie 'n kommunis was nie. Kálmán II is na die beste van sy wete nie deur die Hongaarse geheime diens dopgehou nie.

'n Uitsonderlike gebeurtenis het kort ná die uitleweringsversoek plaasgevind. Die Hongaarse ambassadeur in Nederland het al die Hongaarse studente in die land uitgenooi na 'n ete by die ambassade op 15 Maart 1948 om die Vryheidsoorlog van 1848 teen die Habsburgers te herdenk. Kálmán II se kollegas was uiters verbaas om te verneem dat hy die uitnodiging gaan aanvaar en sy waaghalsigheid het hulle verstom. Hy het tydens die dinne selfs direk langs die ambassadeur gaan sit en saam met hom 'n glasie

geklink op die welsyn van die Hongaarse Staat. Aangesien daar niks gebeur het nie, word daar aanvaar dat die ambassade op daardie stadium nog nie bewus was van die uitleweringsversoek nie. Daar is later verneem dat die hele gesantskap na die weste oorgeloop het.

‘n Tweede uitleweringsversoek het die Nederlandse regering kort daarna bereik en hulle posisie het al hoe ongemakliker begin word. Indien hulle hom nie aan Hongarye sou uitlewer nie, sou die Russiese regering waarskynlik sy uitlewering op grond van beweerde oorlogsmisdade vra. So ‘n versoek, waaraan die Nederlanders sekerlik nie met graagte sou wou voldoen nie, sou moeilik geweier kon word. Kálmán II het dus vir Nederland ‘n verleenheid begin word en hulle het besluit om met hom te onderhandel oor sy toekoms. Hogendoorn het hom van die tweede versoek in kennis gestel en aanbeveel dat hy dit moet oorweeg om te emigreer. Hy het ook genoem dat daar in Amerika ‘n goed gevestigde Hervormde gemeenskap en kerk bestaan wat hom maklik sou kon akkommodeer. Janny het egter die moontlikheid van Suid-Afrika genoem, waar die taal en kultuur, asook die kerklike tradisie, baie nader was aan dié van Nederland en Hongarye. Dit was ook bekend dat daar in daardie stadium ‘n groot tekort aan predikante in Suid-Afrika bestaan het. Na haar mening sou Kálmán II beslis makliker in Suid-Afrika kon aanpas as in Amerika. Bowendien was die Kommunistiese Party in Suid-Afrika ‘n verbode party. Suid-Afrika het ook nie ‘n uitleveringsooreenkoms met Hongarye gehad nie, met die gevolg dat hy daar beslis veiliger sou wees. Hierbenewens was Kálmán II glad nie vervul met ‘n besondere liefde vir Amerika nie. Die Engelse taal het hom glad nie aangestaan nie en hy het ‘n hewige renons gehad in die veramerikanisering van die kerklike lewe. Die keuse het dus byna vanselfsprekend op Suid-Afrika gevallen en daar is dadelik begin met die reëlings vir sy emigrasie uit Nederland. ‘n Verklaring van professor H W Obbink, sekretaris van die *Faculteit der Godgeleerdheid der Rijksuniversiteit te Utrecht*, wat aan die Nederlandse owerheid gerig is, lui soos volg:

L.S.,

De Theologische Faculteit aan de Rijksuniversiteit te Utrecht  
verklaart dat de heer K. Papp is ingeschreven als student

aan genoemde Universiteit, en metterdaad de theologische colleges volgt. Het Stipendium Bernardinum, waarvan de faculteit het Curatorium vormt, heeft hem voor de cursus 1948/49 wederom in het genot van een studiebeurs gesteld, waardoor in alle kosten van levensonderhoud en studie wordt voorzien.

Voor de faculteit,  
(Wg) HW Obbink  
1. secretaris.

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Intussen het 'n aantal prominente teoloë uit Hongarye die stigtingsvergadering van die Wêreldraad van Kerke tussen 22 Augustus en 4 September in Amsterdam bygewoon, onder andere professore László Pap, László Pákozdy en biskoppe László Ravasz, János Victor en Albert Bereczky. Kálmán II en 'n aantal van sy kollegas het hulle toe in Amsterdam gaan opsoek en 'n aand saam met hulle gaan uiteet. 'n Poskaart waarop almal hulle name geskryf het, kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Nadat die pogings van die Hongaarse regering misluk het om Kálmán II uitgelever te kry, is hy *in absentia* deur die Volksgeregshof van Miskolc verhoor en op 6 November 1948 op grond van oorlogsmisdade ter dood veroordeel (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Kálmán II en Mieke het intussen besluit om te trou nadat hy hom in Suid-Afrika gevestig het en die nodige sekuriteit kon bied. Mieke, wat haar studies met lenings moes befonds, het in die lig hiervan besluit om haar studies te staak en nie verder skuld te maak nie.

Mieke se moeder, wat Kálmán II aanvanklik baie goed in haar huis ontvang het, het intussen van alles verneem en baie besorgd geraak oor die lot van haar jongste dogter. Die donker wolk waaronder Kálmán II Hongarye verlaat het en die feit dat die Hongaarse regering vir sy uitlewering gevra het, het haar bekommerd gemaak en sy was die verhouding nie meer so goed-

gesind soos wat dit aan die begin die geval was nie. Toe sy merk dat hulle verhouding baie ernstig word het sy gevrees dat sy haar dogter gaan verloor indien sy die land saam met Kálmán II sou verlaat. Ter wille van die beskerming van Mieke het sy toe 'n brief aan die Koningin geskryf om te probeer voorkom dat sy 'n paspoort ontvang waarmee sy die land sou kon verlaat. Haar pogings was egter onsuksesvol. Sy het ook by professor H W Obbink oor Kálmán II navraag gedoen. Hy het haar egter gerusgestel.

Na alle waarskynlikheid was dit professor Severijn wat die Nederlandse Hervormde Kerk genader het met die versoek dat dié kerk by die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika navraag sal doen oor die moontlike akkommodering van Kálmán II. Die Sekretaris van die Nederlandse Hervormde Kerk, Baron Frits van Tuyl van Serooskerken het, nadat hy die saak met Kálmán II bespreek het, die volgende brief aan die Skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, dominee T F J Dreyer, geskryf op 11 Mei 1949:

Hooggeachte Ds. Dreyer,

In overleg met en met aanbeveling van Ds. Gravemeyer wend ik mij tot U in het volgende geval. Thans verblijft in Nederland de theologische student Kalman Papp, Hongaar van nasionaliteit geboren 2 Mei 1924, die na zijn studie voor theologisch candidaat en na enig verplicht hulppredikerswerk naar Nederland kwam om daar zijn doctoraal studie voort te zetten. Hij is daar nu ongeveer 2 1/2 jaar mee bezig en heeft zich speciaal toegelegd op de godsdienst geschiedenis (1e jr Islam, 2e jr Boedhisme, 3e jr Egyptologie bijna beeindigd). Deze jongeman heeft met zijn naaste familie tijdens de opmars van de Russen in 1944 in de bergen geleefd en daar, toen zijn familie werd bedreigd, twee Russische soldaten doodgeschoten. De eerste jaren is dit niet uitgelekt, maar thans is een jachtopziener, die hiervan wist, gaan praten en wordt Papp wegens moord vervolgd. De Hongaarse Regering heeft derhalve nu reeds ten tweede male uitlevering ge-

vraagd en ik heb den indruk, dat men hier niet ongeneigd is, hoewel met een bezwaard hart, hieraan tegemoet te komen omdat men verwacht dat anders de Russische Regering zijn uitlevering als oorlogsmisdadiger zal vragen hetgeen onder de huidige omstandigheden door de Nederlandse Regering naar men aanneemt moeilijk kan worden geweigerd. Een vriend van hem, die terzelfder tijd ook 2 Russische soldaten doodde, is reeds omgebracht, en wij zoeken nu naar een mogelijkheid om Papp naar veiliger oorden over te brengen. Ik heb hem persoonlijk ontmoet en heb een bijzondere gunstige indruk van hem gekregen. Ook de Professoren waarmee hij het meeste contact heeft als Prof. Obbink en Prof. Severijn te Utrecht kunnen hem van harte aanbevelen. Op het punt van de Zuid Afrikaanse immigratie autoriteiten hier in Nederland heb ik de indruk, dat wij op volle medewerking kunnen rekenen, mits Papp maar een of andere functie bekleedt aldaar. Onze vraag aan U is of U voor Papp soms een hulppredikantschap kunt krijgen, zo mogelijk in de Ned. Herv. Kerk of zo deze functie daar niet mocht bestaan of niet open zijn, bij een van de andere kerken van Gereformeerde belijdenis. U zult ervan op de hoogte zijn, dat de Hervormde Kerk in Hongarije, waartoe Papp behoort, in correspondentie is zowel met de Ned. Herv. Kerk als met de Gereformeerde Kerken in Nederland, hetgeen zijn mogelijkheden, naar het mij wil voorkomen, in Zuid Afrika alleen maar kan vergroten. Een andere mogelijkheid zal wellicht zijn een assistentschap in de godsdienst geschiedenis bij de theologische faculteit b.v. in Pretoria. Wanneer dat zou lukken zou het voor hem al bijzonder gunstig zijn omdat hij dan wellicht zowel zijn doctoraal studie als zijn proponents-examen tegelijkertijd zou kunnen beeindigen. Mocht ook dit geen oplossing geven dan kan ik Papp aanbevelen voor vrijwel elk beroep waar men slechts 2 bruikbare handen en

een goed stel hersens bij nodig heeft. Hij is n.l. zeer practisch ingesteld, kan b.v. heel goed koken en is een uitnemend scherpschutter met grote jachtervaring. Wat zijn talenkennis betreft Papp spreekt behoorlijk Nederlands en een beetje Engels. Gezien zijn vlugge opname van het Nederlands durf ik wel te veronderstellen dat hij zo nodig ook zeer vlot zijn lacunes voor een gemakkelijk spreken van de Engelse taal zou kunnen opvullen.

De grootste moeilijkheid bij ons bovenstaand verzoek is de spoed waarmee een en ander in orde moet komen. Ik neem aan, dat de Nederlandse autoriteiten bereid zijn nog even te rekken maar wanneer een bewijs van aanstelling in Zuid Afrika hier eenmaal binnen is zal het toch altijd nog een kleine twee maanden duren voordat de officiële papieren in orde zijn en daarom zou ik het zeer op prijsstellen wanneer U ons een dergelijke aanstelling zoudt kunnen doen toekomen binnen 14 dagen. Ondanks Uw drukke werkzaamheden richt ik dit verzoek met vrijmoedigheid tot U omdat het hier het redden van een mensenleven geldt. Ten overvloede kan ik U natuurlijk verklaren dat zijn instelling ten opzichte van het Communisme natuurlijk zo goed is als U dat in Zuid Afrika maar zoudt kunnen wensen. In overleg met Prof. Bokhorst, die op het ogenblik hier verblijft, zend ik een afschrift van dit schrijven naar de theologische faculteit in Pretoria. Wellicht wilt U dan contact opnemen met de Professoren Engelbrecht, van Selms en Gemser opdat deze zaak so spoedig mogelijk haar beslag krijgt. Al is dit misschien uit een oogpunt van ons aller opvatting omtrent de Christelijke barmhartigheid overbodig, toch wil ik niet nalaten U bij voorbaat te danken voor alles wat U in dezen zult doen.

Met gevoelens van de meeste hoogachting,  
Uw.dw.

Mr.F.L.S.F.Baron van Tuyll v. Serooskerken.

P.S. Zo juist ontvang ik bericht, dat Prof. Obbink met gunstig gevolg aan Prof. Gemser heeft geschreven. De toezegging van laatstgenoemde n.l. van een studiebeurs lijkt mij niet geheel voldoende, omdat hij dan slechts een bezoekers visum en geen immigratie visum zou krijgen. Hiertoe is een aanstelling onmisbaar. Mag ik U nog op het hart drukken aan geen andere personen dan de in deze brief genoemden over Papp te schrijven omdat deze aangelegenheid in Nederland niet bekend mag worden.

(NHK Argief K1/2 3/32/9)

Dit blyk uit hierdie brief dat daar waarskynlik gelyktydig uit twee oorde met Suid-Afrika gekorrespondeer is: van Tuyll van Serooskerken met die Nederduitsch Hervormde Kerk en Obbink met die Universiteit van Pretoria.

Tydens sy gesprek met Kálmán II het van Tuyll van Serooskerken verneem dat Mieke haar studies laat gaan het en op soek was na werk sodat sy haar studieskuld kon betaal. Aangesien sy vrou Henriëtte, wat aan tuberkulose gelyk het, op daardie stadium bedleend was, het hy Mieke in diens geneem om saam met hulle Franse huishoudster te help met die versorging van sy vrou en vier kinders.

Op 17 Mei 1949 ontvang van Tuyll van Serooskerken 'n telegram van Dreyer wat soos volg lui: "Papp aangestel as assistent huisvader Universiteit van Pretoria. Moet aanstelling onmiddellik aanvaar" (NHK Argief K1/2 3/32/9). Dreyer ontvang op sy beurt op 21 Mei 1949 'n telegram van Tuyll van Serooskerken wat soos volg lui: "Aanvaard dankbaar aangeboden aanstelling" (NHK Argief K1/2 3/32/9). Van Tuyll van Serooskerken volg die telegram op 25 Mei 1949 met die volgende brief op:

Hooggeachte Ds. Dreyer,

Het is mij een behoefte U langs deze weg ons aller bijzondere dank over te brengen voor de vlotte hulp die wij van U

mochten ontvangen bij de tewerkstelling van Kalman Papp in Suid Afrika.

Anderhalve dag na de ontvangst van het telegram kon ik hem bereiken en heeft hij U in dank het aanvaarden van de aangeboden functie meegedeeld. Hij heeft mij beloofd U binnenkort ook nog persoonlijk te schrijven. Op zijn immigratie formulier hebben wij U en Professor Gemser als kennissen opgenomen, die van deze zaak op de hoogte zijn. Mocht het U mogelijk zijn de Immigratie Raad van de Unie tot een spoedige behandeling van de nu binnen enkele dagen binnekommende stukken van Papp te bewegen, dan zou dat, naar ik meen, voor de zaak erg gunstig zijn want ik heb sterk den indruk, dat het nodig zal zijn dat zijn verblijf in Nederland met niet meer dan ten hoogste twee maanden wordt verlengd.

U nogmaals onze grote dank overbrengend, met gevoelens van de meeste hoogachting,

Uw dw.

Mr.F.L.S.F.Baron van Tuyl van Serooskerken.

(NHK Argief K1/2 3/32/9)

Dreyer het egter reeds voordat hy hierdie skrywe en versoek ontvang het namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering by die Suid-Afrikaanse Departement van Binnelandse Sake aansoek gedoen dat 'n tydelike permit aan Kálmán II uitgereik word. Sy skrywe aan die Sekretaris van Binnelandse Sake, gedateer 30 Mei 1949, lui soos volg:

Hooggeagte Heer,

i/s Toelating van student Papp na Suid-Afrika

Aan die Ryks Universiteit te Utrecht studeer 'n Teologiese

student Kalman Papp uit Hongarye, gebore 2 Mei 1924. Hy is aan die Universiteit ongeveer 2 1/2 jaar en tans besig met sy doktorale studie. Tydens die Russiese opmars in Hongarye in 1944 was hy in sy vaderland. Aangesien Kommuniste die land regeer verkies hy om nie daarheen terug te gaan nie. Hy het aansoek gedoen om sy studie aan Afdeling A van die Teologiese Fakulteit te Pretoria te voltooi en dan hier beroepbaar verklaar te word. Om hom in staat te stel om hier sy studie voort te sit is hy aangestel as assistent-huisvader aan die Voortrekker Tehuis van die Universiteit, Pretoria. Ons verneem egter dat dit maande duur voordat 'n permanente verblyfpermit toegestaan is en daarom het die Hoog-eerw. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (Sinodale Komm.) van die Ned. Hervormde Kerk aan my opgedra om u te versoek om aan student Papp 'n tydelike permit uit te reik sodat hy so gou moontlik na Suid-Afrika kan kom. Die Hervormde Kerk het 'n baie groot tekort aan predikante. Die Kerk groei so vinnig dat die Opleiding nie kan voorbly om proponente te lewer nie. Student Papp se studie is amper afgelope en daarom is dit dringend noodsaaklik dat hy so gou as wat maar moontlik is moet kom om, voor hy beroepbaar verklaar word, ons taal aan te leer en kennis op te doen aangaande ons Kerk en sy lede, ons volk en sy tradisies.

Die H.E. Kommissie versoek u vriendelik en beleef om die aansoek as uiters dringend, noodsaaklik en spoed-eisend te beskou en om asseblief u toestemming vir 'n tydelike en later permanente permit te gee. By voorbaat ons oregte dank.

Met die meeste hoogagting,  
Dw. die Uwe,  
Scriba

(NHK Argief K1/2 3/32/9)

Die beloofde skrywe van Kálmán II aan Dreyer, waarna daar in van Tuyll van Serooskerken se brief verwys word, is op 2 Junie geskryf en lui soos volg:

Zeer eerwaarde Heer !

Op 18 Mei jl. werd ik door Baron van Tuyll van Serooskerken in kennis gesteld van de aankomst van Uw telegram, hetwelk ik met buitengewone vreugde onmiddellijk beantwoordde.

Deze zo snelle behandeling van de betreffende quaestie heeft mij werkelijk met het meeste ontzag en met grote dankbaarheid vervuld. Ik wil dan ook niet nalaten in de eerste plaats U, Ds. Dreyer, mijn buitengewone erkentelijkheid te betuigen voor de wijze waarop U deze voor mij zo belangrijke aangelegenheid hebt behartigd.

Baron van Tuyll van Serooskerken heeft U op de hoogte gesteld van de omstandigheden, waarin ik momenteel verkeer, zodat ik hieraan niets meer heb toe te voegen. Het is mij onmogelijk mijn gevoelens jegens al diegenen, die mij in deze tijd zo behulpzaam zijn, in woorden uit te drukken. Weest U er van overtuigd, dat ik mijnerzijds al het mogelijke zal aanwenden om mij in alle opzichten Uw bemoeiingen in deze waardig te betonen en aan datgene, wat er van mij verwacht wordt, te voldoen. Ik zie met grote verwachtingen de toekomst tegemoet en zal het mij tot een eer rekenen binnen afzienbare tijd mijn opwachting bij U te mogen maken. Met gevoelens van de meeste hoogachting verblijf ik gaarne

Uw dw.dr.

(Wg) Kálmán Papp

(NHK Argief K1/2 3/32/9)

Dreyer reageer op 7 Junie 1949 soos volg op van Tuyll van Serooskerken se brief van 25 Mei:

Hooggeagte Baron Van Tuyl,

Ek erken hiermee die ontvangs van u brief van 25 Mei l.l. U versoek om die Immigrasie Raad hier te beweeg om die aansoek van Papp in spoedige behandeling te neem, was toe al gedaan voor ontvangs van u brief en versoek daarin. Ons het eers met die Immigrasiekantoor in Pretoria onderhandel deur middel van 'n afvaardiging. Ons is daarop gewys dat 'n permanente permit lank sal neem om afgehandel te kry en dat dit veel beter sal wees om voorlopig 'n tydelike permit te vra en dan later die permanente. Die moeilikheid was dat alleen die Minister van Binnelandse Sake so 'n permit kan gee. Ongelukkig was die Minister: Dr. Dönges toe in Kaapstad vir die sitting van die Parlement. Die afstand daarheen en terug is ongeveer 3,000 kilometer (2,000 myl). Dit is 'n lang en duur en tydrowende reis daarheen. Omdat die saak dringend en spoedeisend is (dit gaan immers om die lewe van 'n mens) is besluit om per vliegtuig daarheen te gaan, wat slegs vier uur neem. Sonder eers 'n bestelling te maak met die Minister (dit sou teveel tyd in beslag neem) het die Voorsitter en ek dit eenvoudig gewaag en gegaan.

By die Nederl. gesantskap is ons die raad gegee om aan die Minister te vertel wat in Hongarye plaas gevind het om hom te laat besef hoe spoedeisend die saak is. Dit was ongelukkig slegte advies. Toe die Minister dit hoor het hy dadelik gesê dat ons deur die mededeling die saak vir hom baie moeilik gemaak het want dit kan selfs 'n casus belli wees. Gelukkig het ons daar nik van op skrif vermeld nie. Ek is toe later gevra om die aansoek skriftelik voor te lê en toe het ek dit verswyg en alleen vermeld dat hy nie terug wil gaan na sy land omdat die land teenwoordig deur Kommuniste geregeer word. Dit is nou al rede wat op skrif is by die Departement van Binnelandse Sake en gevolglik as daar moontlik in die toekoms moeilikheid daardeur mag kom en

die saak in die Parlement voorkom dan is die Minister nie so aanvegbaar nie. Hy was baie simpatiek en wou ons graag help. Ons verwag stellig dat die toestemming tog gegee sal word. Ongelukkig is die Minister, volgens die koerant van vanmôre siek. Dit was 'n duur reis (ongeveer 700 gulde) maar as Papp maar gehelp kan word, is die geld goed bestee.

Ek sluit hierby in sy offisiële aanstelling in geval u dit nodig het. Dit is onderteken deur Professor de Loor. Van Papp het ek nog nie persoonlik 'n brief gehad nie. As ons van u hoor dat alles in orde is en sy vertrek aanstaande sal ons dankbaar wees.

Hartlike groete

t.t. in Xo

(NHK Argief K1/2 3/32/9)

Die bogenoemde korrespondensie en handelinge waarna daarin verwys word, is grotendeels deur die moderamen, by name die skriba, dominee T F J Dreyer, in oorleg met die voorsitter, dominee A J G Oosthuizen, hanteer. Die volle Kommissie het vir die eerste keer daarvan bewus geword in sy vergadering van 15 Junie 1949, en die besluit lees soos volg: "Die handelswyse van die moderamen om pogings aan te wend om Br. K. Papp in S.A. te kry, waar hy behulpsaam sal wees in Voortrekkerhuis, word deur die vergadering goedgekeur" (NHK Argief K1/2 1/1/7).

Die Sekretaris van Binnelandse Sake reageer in 'n skrywe gedateer 21 Junie (verwysing C.T.B. 462) soos volg op Dreyer se skrywe van 30 Mei:

Weledele Heer,

Na aanleiding van u brief van 30 Mei 1949, moet ek u mee-deel dat die toelating tot die Unie van mnr. Kalman Papp op 'n Tydelike Permit, hangende die uitslag van sy aansoek om permanente vestiging, goedgekeur is. Mnr. Papp kan sy aansoek in die Unie kom indien. Indien hy egter binne 'n tydperk

van drie jaar vanaf die datum waarop hy die Unie binnekom, nog nie daarin geslaag het om 'n permit vir permanente vestiging te verkry nie, moet die Hoogeerwaarde Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Hervormde Kerk, hom op hul koste terugstuur.

Sodra u my laat weet of u met hierdie voorwaarde tevrede is, sal die Gesantskap in Holland versoek word om die nodige visum aan mnr. Papp uit te reik.

U dienswillige  
Sekretaris van Binnelandse Sake

(NHK Argief K1/2 3/32/9)

Dreyer skryf na aanleiding van bostaande skrywe in 'n ongedateerde briefie aan dominee A J G Oosthuizen onder andere die volgende:

P.S. Beste Oos,

Die Sekr. Binnelandse Sake skryf dat hy gewillig is om aan Papp 'n tydelike permit te gee op voorwaarde egter dat as hy nadat hy driejaar in die Unie is en dan nog nie daarin geslaag het om 'n permanente permit te kry nie, die Kerk op sy koste hom moet terugstuur. Prof. Engelbrecht se informasie is dat hy alleen dan nie 'n permanente permit sal kry nie, as hy hom skuldig maak aan een of ander oortreding. Ek het ook met Ds. Mulder geskakel (Ds. Prinsloo is al glo weg met verlof) en die voorwaarde aanvaar. As jy nie saamstem nie moet jy my onmiddellik telegrafeer .... T.F.J.D.

(NHK Argief K1/2 3/32/9)

Op 28 Junie stuur Dreyer die volgende skrywe aan die Sekretaris van Binnelandse Sake:

Hooggeagte Heer,

Ek erken hiermee die ontvangs van u brief van 21/6/49 C.T.B. 462 wat per abuis eers na Heidelberg, Kaap is. Ek het vanmôre aan u getelegrafeer: 'Aanvaar voorwaarde permit Papp C.T.B. 462.' Graag wil ek dit hiermee bevestig. Ek wil u graag hiermee baie hartlik bedank vir u hulp en welwillendheid. 'n Spoedige toesending van die berig aan die Gesantskap in Holland dat 'n visum aan Papp uitgereik mag word, sal ten seerste waardeer word.

Met die meeste Hoogagting,  
Scriba v/d Komm. v/d Algemene Kerkverg.

(NHK Argief K1/2 3/32/9)

Twee dae later stuur Dreyer die volgende skrywe aan Kálmán II:

Eerwaarde Heer,

Dit is vir my aangenaam om u te berig dat die departement van Binnelandse Sake gewillig is om aan u 'n tydelike permit te gee op voorwaarde dat as u na drie jaar daar nie in slaag om 'n permanente permit te kry nie, die Kerk op haar onkoste u moet terug stuur. Ek verneem dat 'n permanente permit geweier word as die persoon nie daarin slaag om werk te kry nie of hom skuldig maak aan 'n ernstige oortreding. Die Moderamen het die gestelde voorwaarde aanvaar en gevólglik word nou deur die Minister aan die S-Afrikaanse gesantskap in die Haag opdrag gegee dat 'n visum aan u uitgereik word. Ek hoop dat alles binnekort vir u oortog in orde sal wees en dat u eerlank in SA sal wees. Die beste sal wees om so gou moontlik by die Gesantskap te gaan aanklop.



Die Uwe in Christus  
Scriba v/d Kommissie v/d Algemene Kerkvergadering.

(NHK Argief K1/2 3/32/9)

Op 12 Julie 1949 skryf die Sekretaris van Binnelandse Sake (verwysing B.2489/ 49) soos volg aan Dreyer:

Weledele Heer,

Na aanleiding van u brief en telegram van 28 Junie 1949,  
moet ek u meedeel dat die Suid-Afrikaanse Immigrante  
Keuringskomitee, Den Haag, vandag per lugposbrief versoek  
is om 'n visum aan mnr. Kalman Papp uit te reik ten einde  
hom in staat te stel om na die Unie te reis.

U dienswillige  
Waarnemende Sekretaris van Binnelandse Sake

(NHK Argief K1/2 3/32/9)

Op 20 Julie 1949 skryf die Suid-Afrikaanse Immigrante-Keuringskomitee van Den Haag die volgende brief aan Kálmán II:

Mijnheer,

Hierbij deel ik U mede dat van het Departement van Binnelandse Zaken, Pretoria, bericht ontvangen is, dat Uw aanvraag voor blijvende vestiging in de Unie van Zuid-Afrika op een tijdelijk visum goedgekeurd is op voorwaarde dat, indien U binnen drie jaar na aankomst in de Unie er nog niet in geslaagd bent om een visum voor blijvende vestiging te

verkrijgen, de Kommissie van de Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Hervormde Kerk U op hun kosten zal terug sturen. Voor het verkrijgen van Uw visum gelieve U zich in verbinding te stellen met het Zuid-Afrikaans Gezantschap, Alexander Gogelweg 2c, Den Haag.

Hoogachtend  
Secretaris

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Op 12 September 1949 skryf Kálmán II sy tweede brief aan Dreyer:

Zeer Eerwaarde Heer !

Tot mijn grote vreugde zijn alle formaliteiten betreffende mijn reis zover geregeld, dat U mij tussen 20-25 Sept. aanstaande kunt verwachten. Er waren in deze quaestie diverse moeilijkheden, die mijn reis uitgesteld hebben. U zult wel begrijpen, hoe blij ik ben dat alles nu eindelijk in orde is gekomen. De dag, waarop ik per KLM zal komen, kan ik U nog niet noemen, omdat de quaestie van mijn bagage, waaronder veel boeken, nog niet helemaal geregeld is. U zult daarover echter nog nader bericht krijgen.

Ik zie de komende dagen met spanning en grote verwachtingen tegemoet en hoop in binnen enkele weken de gelegenheid te hebben, mij persoonlijk aan U te mogen voorstellen. Met vriendelijke groeten.

Uw dw.  
(Wg) Kálmán Papp

(NHK Argief K1/2 3/32/9)

By die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van 28 September 1949 versoek dominee JJ Prinsloo, visevoorsitter van die Kommissie, " ... dat in die notule opgeneem sal word dat hy nie meegehelp het om die heer K. Papp hierheen te laat kom en hom 'n betrekking help besorg het nie" (NHK Argief K1/2 1/1/7). Hieruit word afgelei dat nie almal ewe gelukkig was met die hele saak nie. Die notule meld dat die skrywes van die Minister van Binnelandse Sake van 21 Junie, 12 Julie en 20 Julie 1949, asook die brief van Kálmán II van 2 Junie 1949, in die vergadering voorgelees is en dat alle stukke vir sy koms na Suid-Afrika nou in orde was. Die notule meld verder slegs dat die vergadering hiervan kennis geneem het.

#### 4.4 Emigrasie na Suid-Afrika

'n Verklaring van die Hoofkommissaris van die Utrechtse Polisie, wat op 27 September 1949 aan die adres van die KLM lugredery gerig is met die oog op sy vertrek na Suid-Afrika, lui soos volg:

#### VERKLARING

De Hongaarse vreemdeling:

KáLMÁN PAPP

geboren te Mándok (Hong), 2 Mei 1924, wonende te Utrecht,  
Poortstraat no.30, werd op 23 Januarie 1947 ingeschreven  
bij de afdeling Vreemdelingendienst mijner administratie,  
komende van Hongarije.

Gedurende zijn aanwezigheid hier ter stede, is niets  
te zijnen nadele bekend geworden.

De Hoofdcommissaris van Politie

namens deze

de Inspecteur van Politie

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Kálmán II en Piet Hogendoorn (van die Departement van Staatsveiligheid)

het ooreengekom dat hy Nederland sou verlaat sonder om 'n adres agter te laat en sonder om die Contants, by wie hy ingewoon het, daarvan kennis te gee. Hy sou skielik net spoorloos verdwyn. Die regering het 'n vreemdelingepaspoort aan hom uitgereik en Hogendoorn het gereël dat sy naam nie op die passasierlslys van die vliegtuig verskyn nie. Daar is geredeneer dat hierdie handelswyse in die beste belang van Kálmán II se veiligheid was.

Toe Kálmán II op 3 Oktober 1949 uit Nederland moes vertrek, was Mieke siek en sy moes toe in Arnhem van hom afskeid neem. Janny en Hogendoorn het hom egter op die lughawe in Amsterdam gaan afsien. Hy het met die Nederlandse KLM lugredery oor Tunisië, Kano en Leopoldville na Johannesburg gevlieg - 'n vlug van sewe-en-twintig ure.

Kálmán II se vertrek uit Nederland op 25-jarige ouderdom het een van die mees aangrypende fases van sy baie opwindende lewe afgesluit. Sy bande met Europa het daarmee voorlopig tot 'n einde gekom en hy sou die res van sy ryklik geseënde en vrugbare lewe in sy nuwe vaderland, Suid-Afrika, deurbring. Hierdie fase van sy lewe en werk word in die hoofstukke wat volg volledig beskryf en beoordeel.

Die meeste van Kálmán II se Hongaarse kollegas het hulle in Nederland gevestig. János Kerekes het iewers op die Nederlandse platteland predikant geword en István Tüski, wat later deur die Nederlandse Koningin vereer is vir die hulp wat hy aan die Hongare verleen het wat tydens die Hongaarse Rewolusie in 1956 gevlug het, het predikant geword van 'n Hongaarse gemeente in Nederland. Sándor Varga het egter na Brittanie geëmigreer en predikant van die Hongaarse gemeenskap in London geword en Attila Szekeres het professor in Dogmatiek geword in Leuven. Ernö Kuhinka het van studierigting verander.